higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREG
NKR VLAK 3

17 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 D
1.2 C
1.3 D
1.4 B
1.5 C
1.6 C
1.7 C
1.8 B
1.9 A
1.10 C

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Onwaar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 E
3.2 G
3.3 F
3.4 H
3.5 C
3.6 I
3.7 A
3.8 B
3.9 K
3.10 D

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 medepleger of mededader
4.2 prinsipaal/Dader
4.3 onregstreekse dader
4.4 poging
4.5 aanstigting

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 **AANTEKENING AAN NASIENER: EEN punt ✓ vir elk van die volgende konsepte, en laat leerder se eie interpretasie toe.**

- Daar moet ’n regsplig op die persoon rus om te handel.
- Die versuim moet vrywillig wees./Dit moes vir die persoon moontlik gewees het om gewillig en met kennis te handel; nogtans het hy nie. (2)

5.2 **AANTEKENING AAN NASIENER: EEN punt ✓ vir enige DRIE van die volgende voorbeelde, en laat leerder se eie interpretasie toe.**

- Wanneer ’n persoon wat ’n openbare amp beklee wat ’n regsplig op hom of haar plaas om te handel, versuim om dit te doen, soos polisiebeamptes wat versuim om te handel wanneer ’n misdaad in hul teenwoordigheid gepleeg word.
- Wanneer ’n persoon versuim om te handel wanneer wetgewing van hom of haar vereis om te handel, soos wanneer ’n persoon nalaat om ’n motorvoertuigongeluk by die polisie aan te meld terwyl die Padverkeerswet jou verplig om dit te doen.
- Wanneer ’n persoon versuim om die veiligheid van ’n potensieel skadelike situasie te verseker, soos wanneer ’n bouer nalaat om te verseker dat steierwerk veilig is.
- Wanneer burgers nalaat om hoogverraad by die polisie aan te meld
- Versuim om ’n hofbevel na te kom
- Verbreking van kontraktuele plig
- Versuim om ’n gevaarlike voorwerp of dier te beheer
- Versuim om ’n persoon wat in ’n beskermende verhouding is teen nadeel te beskerm, soos om te weier om vir kinders kos te gee
- Versuim om skade of nadeel te voorkom wat uit ’n vorige positiewe handeling spruit, soos om nie ’n vuur wat gemaak is behoorlik te blus nie, wat later tot skade of die dood lei (3)

[5]

VRAAG 6

AANTEKENING AAN NASIENER: EEN punt✓ vir enige VYF van die volgende en EEN punt ✓ vir ’n geskikte voorbeeld van elk. Laat leerder se eie interpretasie toe:

1. Noodweer/selfverdediging

   Voorbeeld:
   ’n Persoon skiet ’n ander persoon dood wat hom met ’n mes aanval (die aanval moet dreigend wees of reeds begin het).

2. Noodsaaklikheid/Noodtoestand

   Voorbeeld:
   ’n Persoon oorskry die snelheidsgrens om ’n kritiek siek kind by die hospitaal te kry.

3. Onmoontlikheid

   Voorbeeld:
   ’n Ernstig fisiek gestremde persoon sonder hulp versuim om volgens ’n hofbevel by die polisiekantoor aan te meld.

4. Instemming

   Voorbeeld:
   ’n Persoon gee toestemming aan ’n tatoeëerkunstenaar dat sy gesig gesny word vir liggaamsmodifisering.

5. Tugreg

   Voorbeeld:
   ’n Ouer gebruik matige lyfstraf om sy kind te dissiplineer.

6. Uitvoering van ’n bevel

   Voorbeeld:
   ’n Polisiebeampte neem ’n persoon op bevel van sy senior in hegtenis.

7. Amptelike hoedanigheid

   Voorbeeld:
   ’n Polisiebeampte sluit ’n verdagte in ’n polisiesel op ná inhegtenisneming.

8. Welwillende bemoeiing/veronderstelde toestemming

   Voorbeeld:
   ’n Persoon betree sy buurman se eiendom sonder toestemming om ’n stukkende venster reg te maak wanneer die buurman met vakansie is en nie bereik kan word nie.

9. Beuselagtigheid/onbenulligheid

   Voorbeeld: **[10]**

Onbenullige aanklagte soos wanneer ’n persoon ’n paar takkies en blare van die skeidsheining afknip en die bure dien ’n klag van kwaadwillige saakbeskadiging in.

VRAAG 7

Gemeenregtelike meineed:
AANTEKENING AAN NASIENER: Enige VIER van die volgende en EEN punt vir ’n toepaslike voorbeeld. Laat die leerder se eie interpretasie toe.

- Lê ’n verbale of skriftelike verklaring af
- Die verklaring moet vals of onwaar wees. ✓
- Dit moet onder eed of gelykstaande aan ’n eed afgelê word.
- Tydens geregtelike verrigtinge ✓
- Vals verklaring moet wederregtelik wees/Geen geldige regverdigingsgronde nie
- Vals verklaring moes opsetlik afgelê geword het.

Voorbeeld: Enige toepaslike voorbeeld van ’n persoon wat opsetlik tydens geregtelike verrigtinge ’n vals verklaring onder eed aflê.

Dwarsboming van die regspleging:
AANTEKENING AAN NASIENER: Enige VIER van die volgende en EEN punt vir ’n toepaslike voorbeeld. Laat die leerder se eie interpretasie toe.

- Daar moet die een of ander vorm van handeling/optrede wees.
- Die optrede moes verhoed het dat geregtigheid plaasvind of moes met die regsproses ingemeng het. ✓
- Die (loop van die) regspleging/Die gewone manier waarop die regspleging veronderstel is om voort te gaan, moes nadelig geraak gewees het.
- Die optrede moes onwettig of wederregtelik gewees het/Geen geldige regverdigingsgronde nie.
- Die optrede moes opsetlik gewees het.

Voorbeeld: Enige toepaslike voorbeeld van ’n persoon wat opsetlik iets doen om die normale geregtelike prosesse te dwarsboom of te verhoed. **[10]**

VRAAG 8

8.1 **AANTEKENING AAN NASIENER: Enige TWEE van die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.**

Strafreg:
- Handel oor die verhouding tussen die staat en individue.
- Die staat skryf norme/reëls/wette voor wat bindend op die mense is.
- Indien ’n persoon nie hierdie norme/reëls/wette nakom nie, kan die staat hulle straf.
- Die staat moet bewys dat die persoon die wet oortree het.
- Skuld moet bo redelike twyfel bewys word.

Voorbeeld:
AANTEKENING AAN NASIENER: Enige soortgelyke voorbeeld
Daar is ’n wet wat bepaal dat ’n persoon nie naak in die openbaar mag verskyn nie. ’n Persoon wat naak in die openbaar aangetref word, oortree hierdie wet en kan deur die staat gestraf word.

AANTEKENING AAN NASIENER: Enige TWEE van die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.

Siviele reg/ Privaatreg
- Is gemoeid met regsverhoudings tussen individue.
- Die beskuldiger of aanklaer moet die saak bewys.
- Skuld moet op ’n oorwig van waarskynlikhede bewys word.

Voorbeeld:
AANTEKENING AAN NASIENER: Enige soortgelyke voorbeeld
Wanneer ’n persoon ’n regskontrak (bv ’n huurkontrak) met ’n ander persoon aangaan en die ander persoon kom nie die bepalings van die kontrak na nie (bv versuim om ooreengekome maandelikse huurgeld te betaal), kan die eerste persoon regstappe teen die tweede persoon doen. (6)

8.2 **AANTEKENING AAN NASIENER: EEN punt vir enige TWEE van die volgende:**
- Maak voorsiening vir tydige wetstoepassing om misdaad te voorkom.
- Ontmoedig mense om andere te beïnvloed om ’n misdaad te pleeg. (2)
- Voorkom groepmisdadigheid.

[8]

TOTAAL AFDELING B: 33

AFDELING C

VRAAG 9

9.1 **AANTEKENING AAN NASIENER: EEN punt soos aangedui**

Nee, die publikasie het die misdaad verkeerd geklassifiseer. (1)

9.2 **AANTEKENING AAN NASIENER: EEN punt soos aangedui**

Twee misdade is gepleeg, naamlik
huisbraak en diefstal (2)

9.3 **AANTEKENING AAN NASIENER: Ken punte toe soos aangedui, en laat leerder se eie interpretasie toe.**

Stawing:

Huisbraak:
Word gepleeg wanneer ’n persoon wederregtelik en opsetlik by ’n gebou of struktuur inbreek en dit binnedring met die opset om ’n misdaad te pleeg.✓
In hierdie scenario het die oortreders die huis deur ’n venster binnegegaan met die voorneme om die geld te steel.

Diefstal:
Dit word gepleeg wanneer ’n persoon wederregtelik en opsetlik iemand anders se roerende en tasbare eiendom toe-eien.
In hierdie scenario is geld geneem wat aan die eienaar van die huis behoort het.

Roof:
Dit word gepleeg wanneer die oortreder eiendom verwyder wat aan iemand anders behoort of diefstal pleeg deur middel van die wederregtelike en opsetlike gebruik van geweld of dreigemente van geweld.
In hierdie scenario is geen geweld of dreigemente van geweld gebruik om die eiendom van die slagoffer uit sy besit te verwyder nie. (12)
[15]

VRAAG 10

10.1 **Oortreding:**
Bestuur onder die invloed✓ (1)

10.2 **Stawing:**

10.2.1 Sit in die bestuurdersitplek van ’n voertuig terwyl die enjin loop
AANTEKENING AAN NASIENER: Een punt ✓ vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.
- Slegs motorvoertuie
- Irrelevant of die voertuig om die een of ander rede nie kan beweeg nie
- Justin het vrywillig in die bestuurdersitplek van sy motorvoertuig plaasgeneem voordat hy sy bewussyn verloor het. (3)

10.2.2 Openbare pad:
AANTEKENING AAN NASIENER: Een punt ✓ vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.
- Enige pad, straat, deurloop, of rand, brug of voorwerp wat deel daarvan uitmaak✓ wat algemeen deur die publiek gebruik word ✓ of waartoe die publiek toegangsreg het. ✓
- Die parkeerterrein van die klub is ’n deurloop wat algemeen deur die publiek gebruik word en word as ’n openbare pad beskou. (4)

10.2.3 Bewys dat Justin onder die invloed van drank of dwelms was terwyl hy bestuur het.
AANTEKENING AAN NASIENER: Een punt ✓ vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.
- Justin het agt biere en 12 sopies gedrink voordat hy probeer bestuur het. ✓
- Justin het agter die stuurwiel van sy motor sy bewussyn verloor. (2)

[10]

VRAAG 11

11.1 **AANTEKENING AAN NASIENER: Een punt ✓ vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.**

Daders: Costa en Pete ✓
Stawing:
- Hulle het die misdaad gepleeg. ✓
- Costa en Pete is mededaders en is in gelyke mate verantwoordelik aangesien hulle 'n gemeenskaplike oogmerk gehad het. Hulle het tesame gehandel om die misdaad te pleeg. (3)

11.2 (Aantekening aan nasiener: Een punt ✓ vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.)

Meedoener: Zola ✓

Stawing:
- Zola het aan die misdaad deelgeneem maar het nie gemeenskaplike oogmerk met Costa en Pete gehad nie aangesien hy nie saam met hulle gehandel het om die misdaad te pleeg nie. (3)

11.3 **AANTEKENING AAN NASIENER: Een punt ✓ vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.**

Medepligtige: Tumi

Stawing:
- Tumi het die daders gehelp om die misdaad te pleeg, maar nie aan al die elemente van die misdaad voldoen nie. ✓ (3)

11.4 **AANTEKENING AAN NASIENER: Een punt vir die volgende, en laat leerder se eie interpretasie toe.**

Begunstiger: Pule ✓

Stawing:
- Pule het die daders gehelp nadat die misdaad gepleeg is met die bedoeling om te verhoed dat hulle gevang word. (3)

[12]

TOTAAL AFDELING C: 37
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou